# MASJINERIE BREEKSKADE AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

1. Skade aan die Versekerde Masjinerie soos omskryf in onderafdeling A.
2. Verlies volgende op onderbreking of belemmering van die besigheid soos omskryf en bereken in onderafdeling B.

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

Skade aan die Versekerde Masjinerie onderwyl:

1. besig om te werk of in rus;
2. besig om afgetakel te word vir die doeleindes van skoonmaak, inspeksie, herstel of opknapping;
3. besig om verskuif te word (insluitende enige aftakeling) na 'n ander posisie;
4. besig is om heropgerig te word na 2 of 3 hierbo

alles onderwyl binne die gebou(e) op die perseel in die bylae vermeld, met dien verstande dat met betrekking tot enige nuut geïnstalleerde of verkreë Versekerde Masjinerie, versekering slegs 'n aanvang neem nadat die aanvanklike bedryfsaanvaardingstoetse suksesvol afgehandel is.

## OMSKRYWINGS

**Skade** sal beteken enige toevallige, onvoorsiene en skielike fisiese verlies of skade aan die Versekerde Masjinerie weens enige oorsaak wat nie andersins uitgesluit is nie en wat vervanging of herstel van die Versekerde Masjinerie noodsaak ten einde sy voortgesette werking te verseker.

**Versekerde Masjinerie** sal beperk wees tot die masjiene (of enige dele daarvan) soos omskryf in die bylae vir onderafdeling A.

**Markwaarde** sal beteken die aankoopprys soos vasgestel op die datum van die Skade van tweedehandse of gebruikte masjinerie van dieselfde soort of tipe en van gelykstaande werksverrigting en/of kapasiteit (maar nie beter of meer omvangryk as die Versekerde Masjinerie nie) in 'n wesentlik soortgelyke toestand as die Versekerde Masjinerie onmiddellik voor die Skade. Indien geen soortgelyke masjien beskikbaar is nie, sal Markwaarde bereken word deur 'n redelike bedrag soos deur die Maatskappy bepaal vir waardevermindering van die huidige Nuwe Vervangingswaarde van die Versekerde Masjinerie af te trek.

**Nuwe Vervangingswaarde** sal beteken die bedrag wat nodig is om die Versekerde Masjinerie op die Perseel te vervang of te herstel met splinternuwe masjinerie van dieselfde soort of tipe en van gelykstaande werkverrigting en/of kapasiteit, maar nie beter of meer omvangryk as die Versekerde Masjinerie nie, met inbegrip van alle geassosieerde koste soos:

1. redelike installasie- en toetskoste op die Perseel;
2. enige normale vragkoste;
3. enige doeaneregte.

**Gedeeltelike Verlies** sal beteken dat die Versekerde Masjinerie, indien so vasgestel deur die Maatskappy, herstel kan word tot 'n werkende toestand soortgelyk aan wat onmiddellik voor die Skade bestaan het, met dien verstande dat die herstelkoste hoogstens die Markwaarde van die Versekerde Masjinerie sal beloop.

**Perseel** sal beperk wees tot die adres soos beskryf in die bylae van hierdie afdeling.

**Wrakgoedere** sal beteken die oorblyfsels van beskadigde Versekerde Masjinerie na 'n Totale Verlies, en waarvan eienaarskap terugkeer na die Maatskappy by die skikking van 'n eis in terme van hierdie afdeling.

**Totale verlies** sal beteken dat die Versekerde Masjinerie in geheel vernietig word of in so 'n mate dat die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik- van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

herstelwerk soos beskryf onder Gedeeltelike Verlies, die Markwaarde oorskry. Volgens die uitsluitlike opsie van die Maatskappy kan die Versekerde Masjinerie as 'n Totale Verlies verklaar word onder ander omstandighede waar dit ekonomies haalbaar is vir die Maatskappy om so te handel, op voorwaarde dat die Versekerde nie finansieel deur sodanige besluit benadeel word nie.

# GRONDSLAG VAN VERLIESSKIKKING

Onderhewig daaraan dat die versekerde bedrag van elke stuk van Versekerde Masjinerie nie oorskry word nie, mag die Maatskappy na sy eie goeddunke enige beskadigde Versekerde Masjinerie herstel of vervang of 'n gelyke bedrag in kontant betaal deur gebruik te maak van die volgende eiseberekeningsmetodes:

**Berekening van Totale Verlies** (toerusting nie ouer as 3 jaar vanaf die datum van vervaardiging nie):

Die Nuwe Vervangingswaarde van die beskadigde Versekerde Masjinerie soos deur die Maatskappy bepaal

**Minus**

Die waarde van enige Wrakgoedere (indien op versoek van die Versekerde en ooreengekom deur die Maatskappy dat die wrakgoedere deur die Versekerde gehou word)

**Plus**

Die koste van die verwydering van die beskadigde Versekerde Masjinerie

**Verminder**

Met die berekening van Eweredigheid

**Minus**

Die Eerste Bedrag Betaalbaar.

**Berekening van Totale Verlies** (toerusting ouer as 3 jaar vanaf die datum van vervaardiging):

Die Markwaarde van die beskadigde Versekerde Masjinerie

**Minus**

Die waarde van enige Wrakgoedere (indien op versoek van die Versekerde en ooreengekom deur die Maatskappy dat die wakgoedere deur die Versekerde gehou word)

**Plus**

Die koste van die verwydering van die beskadigde Versekerde Masjinerie

**Plus**

Redelike installasie- en toetskostes soos bepaal deur die Maatskappy van enige vervangende masjinerie (of gedeelte daarvan)

**Verminder**

Met die berekening van Eweredigheid

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

**Minus**

Die Eerste Bedrag Betaalbaar.

## Berekening van Gedeeltelike Verlies:

Die koste van aftakeling, herstel en heropригting (of indien ooreengekom met die Maatskappy dat herstelwerk deur die Versekerde uitgevoer word, die arbeidskoste van die Versekerde gebaseer op die gebruiklike daaglikse loonkoerse in die distrik plus enige redelike oorhoofse kostes aangegaan), nuwe onderdele (sonder enige aftrekking vir waardevermindering, behalwe soos uiteengesit in Spesifieke Uitsluiting 6), gewone vraggeld en doeaneregte

**Plus**

Die redelike koste soos deur die Maatskappy bepaal vir die verwydering van enige beskadigde gedeeltes van die Versekerde Masjinerie wat nie herstel kan word nie, vanaf die Perseel

**Minus**

Die waarde van enige Wrakgoedere (indien op versoek van die Versekerde en ooreengekom deur die Maatskappy dat die wrakgoedere deur die Versekerde gehou word)

**Plus**

Enige redelike installasie- en toetskostes soos deur die Maatskappy bepaal

**Verminder**

Met die berekening van Eweredigheid

**Minus**

Die Eerste Bedrag Betaalbaar.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik nie vir:

1. Skade veroorsaak deur impak deur diere, voertuie, lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, supersoniese skokgolwe, brand, regstreekse of onregstreekse weerligslae, ontploffing, blus van 'n brand, insakking, grondverskuiwing, rotsstorting, wind, orkaan, tifoon, sikloon, storm, sneeu, water of enige ontsnapping vanuit enige sprinkelaar- of drenkstelsel, vloed, oorstroming, hael, vloedgolf, tsoenami, aardbewing, vulkaniese uitbarsting of ander natuurrampe, diefstal of pogings daartoe, ineenstorting van geboue;

2. Die koste van sloping, aftakeling of die verwyding van puin wat volg op enige van die bogenoemde;

3. Skade wat voortspruit uit eksperimente, doelbewuste oorlaaiing, opknapping of toetse wat die neerlê van abnormale toestande vereis of enige Skade wat voortspruit uit enige moedswillige optrede of moedswillige nalatigheid van die Versekerde of die bestuur;

4. Skade weens die misbruik van gereedskap;

5. Skade weens wegvreting, erosie, slytasie of verwering van enige deel van masjinerie wat veroorsaak word deur gewone werksverrigting en enige ander voortgesette chemiese of atmosferiese invloed, roes, modder, ketelsteenvorming of ander neerslag of ander geleidelikwerkende slytasie of agteruitgang;

6. Skade aan en/of die koste van vervangbare onderdele en gereedskap of dele wat uit die aard van hulle gebruik en/of soort aan 'n hoë graad van verwering of waardevermindering onderhewig is, soos (maar nie beperk nie tot) stukkies, snyers, messe, saaglemme, matryse, vorms, patrone, rollers, siwwe, kettings, gordbande, toue, vervoerbande, boorysters, voeg- en verpakkingsmateriaal, vergruishamers, onderdele gemaak van glas, porselein of keramiek, drade, buigbare pype, voerings en stroke van rubber, tekstiel of plastiek, borsels, buitebande en spuitkoppe van branders.

Indien enige van hierdie onderdele of gereedskap egter beskadig word as gevolg van Skade aan ander dele van die Versekerde Masjinerie soos bepaal deur hierdie versekering, sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir die oorskot waarde van sodanige onderdele of gereedskap. Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding, sal oorskot waarde beteken die eweredige waarde, soos deur die Maatskappy bepaal, wat die oorblywende lewensduur van sodanige items verteenwoordig as die versekerde verlies nie plaasgevind het nie;

7. Verbruikbare items van Versekerde Masjinerie soos (maar nie beperk nie tot) smeermiddels, brandstowwe, katalisators, verkoelingstowwe, skoonmaakprodukte, olie en chemikalieë;

8. Skade wat gedek is ingevolge die waarborg van enige vervaardiger of verskaffer or waarvoor 'n vervaardiger, verskaffer, kontrakteur of hersteller regtens of kontraktueel aanspreeklik is;

9. Skade veroorsaak of vererger deur enige voorafbestaande foute of gebreke van die Versekerde Masjinerie wat ten tyde van die aanvang van hierdie afdeling bestaan het of te enige tyd daarna wanneer bykomende items van Versekerde Masjinerie tot hierdie afdeling bygevoeg word en waar die Versekerde of die bestuur van sodanige voorafbestaande foute of gebreke bewus was;

10. Skade aan fondasies, messelwerk, vuurvaste of steenvoerings van smeltoonde, oonde of vuurroosters;

11. Gevolglike verlies, skade of aanspreeklikheid van enige aard;

12. Skade aan die Versekerde Masjinerie veroorsaak deur 'n owerheid wat wettig gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se weerhouding of beperking van sodanige toevoer as gevolg van:

    12.1 Die Versekerde se versuim om enige rekening vir dienste te betaal of die verbreking van enige ander kontraktuele voorwaardes met sodanige verskaffers;
    12.2 'n Nodigheid van sodanige owerheid om beurtkrag of enige ander geskeduleerde onderbrekings te implementeer;

13. Bykomende koste van veranderings, byvoegings, verbeterings, instandhouding of opknapping wat op dieselfde tyd as enige herstelwerk na afloop van Skade uitgevoer word;

14. Verdere en gevolglike Skade indien Versekerde Masjinerie in 'n werkende toestand gehou word na Skade wat nie na die bevrediging van die Maatskappy herstel is nie;

15. Tydelike herstelwerk en enige gevolge wat daaruit voortspruit wat die totale herstelkoste verhoog tensy die Maatskappy sodanige tydelike herstelwerk gemagtig het.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Eweredigheid en versekerde bedra(e)

Ongeag die ouderdom van die Versekerde Masjinerie, is dit 'n vereiste van hierdie afdeling dat die versekerde bedrae te alle tye gelyk moet wees aan die Nuwe Vervangingswaarde van die Versekerde Masjinerie plus die koste van verwydering van beskadigde Versekerde Masjinerie.

Indien die versekerde bedrag minder is as die bedrag waarvoor verseker moet word, sal die Maatskappy slegs uitbetaal na gelang van die verhouding waarin die bedrag verseker staan tot die bedrag waarvoor verseker moet word in terme van hierdie voorwaarde. Elke item (indien meer as een) sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe wees.

## 2. Eise

By die plaasvind van enige Skade moet die Versekerde, benewens om te voldoen aan Algemene voorwaarde 6 van hierdie polis:

1. alle redelike voorsorgmaatreëls tref om die omvang van sodanige Skade tot die minimum te beperk;

2. enige beskadigde of defektiewe dele vir die ondersoek van die Maatskappy behou.

Vir interne maakbaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Die Versekerde sal geregtig wees om dringende herstelling of vervanging van geringe omvang aan te gaan ten einde die voortsetting van die werksaamhede of veiligheid van die Versekerde Masjinerie te verseker, maar in alle ander gevalle moet 'n verteenwoordiger van die Maatskappy die geleentheid gegee word om die Skade na te gaan voordat enige herstelling of veranderings uitgevoer word. Sodanige voorlopige herstelkoste sal deur die Maatskappy gedra word indien sodanige herstelwerk deel uitmaak van die finale herstelwerk en nie die totale herstelkoste verhoog nie.

## 3. Eerste Bedrae Betaalbaar

Eise ingevolge hierdie onderafdeling is onderhewig aan die Eerste Bedrag Betaalbaar soos aangedui in die bylae teenoor elke Versekerde Masjinerie, maar indien meer as een item van Versekerde Masjinerie wat in die bylae vermeld word, beskadig word in een gebeurtenis, sal daar nie van die Versekerde verwag word om vir meer as een Eerste Bedrag Betaalbaar verantwoordelik te wees nie, met dien verstande dat die hoogste Eerste Bedrag Betaalbaar van daardie beskadigde versekerde items van toepassing sal wees.

## 4. Voorkoming van verlies en beperking tot die minimum

Die Versekerde moet:

1. alle redelike stappe doen om die Versekerde Masjinerie in 'n effektiewe werkende toestand te hou en om te verseker dat geen item van die Versekerde Masjinerie opsetlik of roekeloos oorlaai word nie;
2. voldoen aan die vervaardiger se voorskrifte vir die bedryf, inspeksie en instandhouding van die Versekerde Masjinerie,
3. seker maak dat die operateurs en instandhoudingspersoneel van die Versekerde Masjinerie voldoende opgelei en gekwalifiseer is;
4. voldoen aan enige owerheids-, statutêre, munisipale regulasies en alle ander bindende regulasies wat van krag is in verband met die veilige bedryf en instandhouding van die Versekerde Masjinerie. 'n Oortreding van hierdie voorwaarde sal nie die betaling van enige eis beïnvloed nie tensy sodanige oortreding die Skade veroorsaak het of die bedrag van die Skade verhoog het.

## 5. Materiële veranderings

Skriftelike kennisgewing van enige beplande verandering aan of afwyking van bestaande toestande moet so spoedig moontlik aan die Maatskappy gegee word, maar slegs indien sodanige veranderinge die risiko van Skade aan die Versekerde Masjinerie sal verhoog. Voorbeelde van sodanige veranderinge mag insluit, maar is nie beperk nie tot:

1. veranderings, byvoegings of verstellings aan die Versekerde Masjinerie;
2. afwyking van bestaande bedryfstoestande of aanbevole bedryfstoestande van die vervaardiger of verskaffer van die Versekerde Masjinerie;
3. veranderinge in die gereeldheid van instandhouding, die omvang van instandhoudingsbedrywighede of die gebruik van ongekwalifiseerde of ondergekwalifiseerde personeel of operateurs.

By kennisgewing van enige veranderinge sal die Maatskappy bevestig of dekking sal voortduur of nie en indien dekking kan voortduur, enige veranderde terme en voorwaardes wat van toepassing mag wees. Indien enige eis met betrekking tot verlies of Skade mag ontstaan voor sodanige kennis gegee is, en indien dit deur die Maatskappy aanvaar sou gewees het, sal die Maatskappy so 'n eis hanteer volgens die normale voorwaardes, uitsluitings en eerste bedrag betaalbaar van toepassing op 'n soortgelyke risiko, onderhewig daaraan dat die Versekerde onderneem om enige verhoogde premie wat vir die veranderde risiko verlang mag word, te betaal.

## 6. Herstel of Vervanging

Herstel of vervanging op 'n Nuwe Vervangingswaarde grondslag, soos bepaal word ingevolge die berekening van totale verlies vir Versekerde Masjinerie wat nie ouer as 3 jaar is nie, is onderhewig aan:

1. die werk van vervanging of herstel (wat op ander persele en op enige wyse wat aan die vereistes van die Versekerde voldoen, uitgevoer mag word, onderworpe daaraan dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) sonder onredelike vertraging 'n aanvang neem en uitgevoer word;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. die Versekerde wat binne 6 maande vanaf die datum van die Skade (of sodanige verdere tydperk soos wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) sy voorneme bevestig om die Versekerde Masjinerie te vervang of te herstel;

3. die Versekerde in staat en gewillig is om die Versekerde Masjinerie op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel;

by gebreke waarvan geen betaling gemaak sal word nie vir meer as die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien die berekeningsgrondslag op 'n Markwaarde-grondslag was.

**7. Inspeksie van risiko**

Verteenwoordigers van die Maatskappy sal op enige redelike tydstip die reg hê om die risiko te inspekteer en te ondersoek en die Versekerde sal die verteenwoordigers van die Maatskappy voorsien van alle besonderhede en inligting wat nodig is vir die assessering van die risiko.

**8. Dienskontrak**

Indien 'n dienskontrak vir die Versekerde Masjinerie bestaan soos in die bylae aangeteken, is dit 'n voorwaarde dat sodanige kontrak van krag bly tensy die Maatskappy vooraf skriftelik in kennis gestel word dat die kontrak gekanselleer of vervang gaan word.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules in die bylae as ingesluit vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

**Alternatiewe vervanging (ontwerp-vermoë)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)
In die geval van Skade wat 'n Totale Verlies tot gevolg het en dit nie moontlik is om sodanige Versekerde Masjinerie met masjinerie van dieselfde meetbare funksie, kapasiteit of lewering te vervang nie, sal die Maatskappy die koste betaal vir vervanging van sodanige masjinerie met masjinerie waarvan die kwaliteit, kapasiteit, funksie of lewering so na as moontlik is, maar nie ondergeskik nie, aan die oorspronklike eiendom, met dien verstande dat:

1. Die Versekerde Bedrag soos in die bylae aangedui die maksimum bedrag sal bly wat deur die Maatskappy betaalbaar is;

2. Die berekening van dieEweredigheidsvoorwaarde aangepas sal word sodat die waarde van die Versekerde Masjinerie gebaseer is op die geïnstalleerde Nuwe Vervangingswaarde van die alternatiewe masjinerie waarop ooreengekom is in die eis.

**Kapitaaltoevoegings** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling dek veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie vermeerdering in waarde bo die versekerde bedrag nie) aan die Versekerde Masjinerie vir 'n bedrag tot hoogstens die persentasie (%) wat in die bylae aangedui is van die Versekerde Bedrag ingevolge die toepaslike item, met dien verstande dat

1. die Versekerde die Maatskappy elke kwartaal (of elke maand indien die premies maandeliks per debietorder betaal word) in kennis stel van sodanige veranderings, toevoegings en verbeterings en enige bykomende premie daarop betaal;

2. die beskerming wat deur hierdie klousule verskaf word vir nuut verkreë of geïnstalleerde masjinerie beperk is tot masjinerie van dieselfde soort as die bestaande Versekerde Masjinerie;

3. die beskerming verskaf ingevolge hierdie klousule vir nuut verkreë of geïnstalleerde masjinerie slegs 'n aanvang sal neem nadat die aanvanklike bedryfsaanvaardingstoetse suksesvol afgehandel is;

4. alle beskerming ingevolge hierdie klousule vir veranderings, toevoegings en verbeterings wat in die kwartaal (of die maand indien die premies maandeliks per debietorder betaal word) aangebring is, verstryk aan die einde van die kwartaal (of aan die einde van die maand indien die premies maandeliks per debietorder betaal word) indien 'n formele instruksie om die bylae te verander ten einde sodanige veranderinge in te sluit, nie aan die einde van die kwartaal (of aan die einde van die maand indien die premie maandeliks per debietorder betaal word) deur die Maatskappy ontvang is nie.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

## Toerusting in die ope

Dekking is beperk tot Versekerde Masjinerie terwyl in die gebou(e) in die bylae vermeld tensy verklaar en aangeteken in die bylae tot die teendeel en verder met dien verstande dat sodanige Versekerde Masjinerie ontwerp is om in die ope te werk.

## Spoedaflewering en oortyd (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Waar dit vereis word dat die werkverrigting van die Versekerde in stand gehou word, dek die versekering ingevolge hierdie afdeling die ekstra onkoste aangegaan ten opsigte van oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en spoedvrag (uitgesonder lugvrag). Met dien verstande dat

1. sodanige ekstra onkoste aangegaan in verband met die herstel van Skade aan die Versekerde Masjinerie soos ingevolge hierdie afdeling verseker is;
2. die maksimum bedrag betaalbaar ten opsigte van hierdie onkoste nie die persentasie (%) van die Versekerde Bedrag vermeld in die bylae van die beskadigde item van Versekerde Masjinerie oorskry nie;
3. sodanige koste met die Maatskappy ooreengekom is voordat dit aangegaan is.

## Smeermiddels (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Spesifieke uitsluiting 7 word geskrap, op voorwaarde dat die maksimum bedrag betaalbaar ten opsigte van smeermiddels en ander verbruikbare items opvolgend tot Skade aan die Versekerde Masjinerie hoogstens die Versekerde Bedrag vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding, beloop. Vir die doeleindes van hierdie uitsluiting, sal die dekking wat hierdeur verskaf word, indien die Versekerde Masjinerie verkoelingstoerusting is, die nodige vervanging van verkoelingsmiddel insluit opvolgend tot Skade aan sodanige Versekerde Masjinerie.

## Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië) (tensy in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word, met enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat binne die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk, of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1 tot 5 hierbo beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# ONDERAFDELING B – GEVOLGLIKE VERLIES

Die Maatskappy sal aan die Versekerde as skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling betaal vir

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die Besigheid as gevolg van Skade aan die Versekerde Masjinerie wat plaasvind gedurende die versekeringstydperk by die perseel soos in die bylae vermeld en soos uiteengesit onder die toepaslike Bruto Wins grondslag onder die afdeling vir die grondslag van verliesskikking hieronder.

# OMSKRYWINGS

**Jaarlikse omset** sal beteken die Omset gedurende die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die tendens van die Besigheid en vir afwykings of ander omstandighede wat die Besigheid óf voor óf na die Skade raak, of wat die Besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die relatiewe tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie. Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die Besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde bereken deur gebruik te maak van die waardes wat in verhouding staan tot die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die Besigheid en die datum van die Skade.

**Besigheid** sal beteken die Versekerde se besigheid soos in die bylae van hierdie polis vermeld.

**Skade** sal beteken Skade soos omskryf ingevolge onderafdeling A, maar beperk tot Skade in verband waarmee betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is deur die Maatskappy ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling. Vir die doeleindes van hierdie omskrywing, sal aanspreeklikheid geag word erken te wees ingevolge onderafdeling A indien sodanige betaling alleenlik verhinder word omrede daar van die Versekerde vereis word om die eerste gedeelte van die verlies in die vorm van eerste bedrag betaalbaar te dra.

**Afhanklikheidspersentasie** soos in die bylae teenoor elke item van Versekerde Masjinerie aangedui, sal beteken dat die Versekerde verklaar het dat, as 'n benadering, die ontwikkeling van die vermelde versekerde bedrag vir Bruto Wins afhanklik is van sodanige item van Versekerde Masjinerie tot die mate van sodanige vermelde persentasie.

**Bruto wins (byvoegingsgrondslag)** sal beteken die som verkry deur die bedrag van die Versekerde Vaste Koste te voeg by die Netto Wins, of indien daar geen Netto Wins is nie, die bedrag van die Versekerde Vaste Koste minus sodanige deel van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die Versekerde Vaste Koste tot alle vaste koste van die Besigheid staan.

**Bruto wins (verskilgrondslag)** sal beteken die bedrag waarmee die som van die Omset en die bedrag van die eindvoorraad meer is as die som van die bedrag van die beginvoorraad en die bedrag van die Onversekerde Koste.

Die bedrag van die begin- en eindvoorraad word vasgestel volgens die Versekerde se gewone rekeningkundige metodes nadat behoorlike voorsiening vir waardevermindering gemaak is.

**Skadeloosstellingstydperk** sal beteken die tydperk waartydens die resultate van die Besigheid beïnvloed sal word as gevolg van die Skade wat begin met die Geeneis-tydperk en eindig nie later nie as die aantal maande daarna soos in die bylae onder die Skadeloosstellingstydperk vermeld.

**Versekerde Masjinerie** sal beperk wees tot die masjiene (of gedeeltes daarvan) soos omskryf in die bylae vir onderafdeling B.

**Versekerde vaste koste** sal beteken die koste van die items soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word sal die betekenis hê wat gewoonlik aan hulle gegee word in die rekeningboeke van die Versekerde).

**Netto Wins** sal beteken die netto handelswins (uitgesluit alle kapitaalinkomste en –aanwas en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die Besigheid van die Versekerde by die perseel nadat behoorlik voorsiening gemaak is vir alle vaste en ander koste, met inbegrip van waardevermindering, maar voor aftrekking van enige belasting wat teen die winste vorderbaar is.

**Geeneis-tydperk** sal beteken die aanvanklike tydperk soos in die bylae vermeld opvolgend tot die

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Skade waartydens die Maatskappy nie aanspreeklik sal wees vir enige verlies van Bruto Wins wat verband hou met sodanige tydperk nie.

**Bruto Winskoers** sal beteken die Bruto Winskoers verdien op die Omset gedurende die finansiële jaar onmiddellik voor die datum van die Skade, maar verder aangepas soos nodig om voorsiening te maak vir die tendens van die Besigheid en vir afwykings of ander omstandighede wat die Besigheid óf voor óf na die Skade raak, of wat die Besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie. Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die Besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die Besigheid en die datum van die Skade.

**Standaard omset** sal beteken die Omset gedurende daardie tydperk in die 12 maande onmiddellik voor die datum van die Skade wat ooreenstem met die Skadeloosstellingstydperk, maar verder aangepas soos nodig om voorsiening te maak vir die tendens van die Besigheid en vir afwykings of ander omstandighede wat die Besigheid óf voor óf na die Skade raak, of wat die Besigheid sou geraak het indien die Skade nie plaasgevind het nie, sodat die aldus aangepaste syfers so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk ná die aanvang daarvan verkry sou gewees het as dit nie vir die Skade was nie. Indien die Skade voor die voltooiing van die eerste jaar se handelsbedrywighede van die Besigheid by die perseel plaasgevind het, word die waarde bereken deur gebruik te maak van die waardes wat gelykstaan aan die resultate wat verkry is gedurende die tydperk tussen die aanvang van die Besigheid en die datum van die Skade.

**Bystandsmasjinerie** soos aangedui in die bylae teenoor elke item van Versekerde Masjinerie sal beteken dat die Versekerde verklaar het dat bystandsmasjinerie bestaan en in werking is en gereed is om die funksie van sodanige item van Versekerde Masjinerie oor te neem in die geval van Skade.

**Omset** sal beteken die geld betaal of betaalbaar aan die Versekerde vir goedere verkoop en afgelewer en vir dienste verskaf in die loop van die Besigheid by die perseel.

**Onversekerde koste** sal beteken die koste van die items soos in die bylae gespesifiseer (die woorde en uitdrukkings wat gebruik word sal die betekenis hê wat gewoonlik aan hulle gegee word in die rekeningboeke van die Versekerde).

# GRONDSLAG VAN VERLIESSKIKKING

Onderhewig daaraan dat die versekerde bedrag in die bylae nie oorskry word nie:

## Bruto wins - verskilgrondslag (indien in die bylae as ingesluit vermeld en die Bruto Wins grondslag as "Verskil" in die bylae vermeld is)

Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die Besigheid as gevolg van Skade aan die Versekerde Masjinerie soos aangedui in die bylae teenoor hierdie item, maar beperk tot verlies aan Bruto Wins te wyte aan:

1. **vermindering in Omset;** en
2. **verhoging in bedryfskoste;**

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van 'n vermindering in Omset**, die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet;
2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die Omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige koste

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

en uitgawes van die Besigheid wat uit die Bruto Wins betaalbaar mag wees en wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Bruto Wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die Bruto Winskoers toe te pas op die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

## Bruto wins - byvoegingsgrondslag (indien in die bylae as ingesluit vermeld en die Bruto Wins grondslag as "Byvoeging" in die bylae vermeld is)

Verlies wat volg op onderbreking of belemmering van die Besigheid as gevolg van Skade aan die Versekerde Masjinerie soos aangedui in die bylae teenoor hierdie item, maar beperk tot verlies aan Bruto Wins te wyte aan:

1. **'n vermindering in Omset**; en
2. **'n verhoging in bedryfskoste**;

en die bedrag hierkragtens as skadeloosstelling betaalbaar is:

1. **ten opsigte van 'n vermindering in Omset,** die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet;
2. **ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste**, die bykomende uitgawes noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in die Omset te vermy of te verminder wat as gevolg van die Skade gedurende die Skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawes nie aangegaan was nie, maar hoogstens die som verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy;

minus enige bedrag gedurende die Skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die Versekerde Vaste Koste as wat gestaak of verminder mag word as gevolg van die Skade, met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag ten opsigte van Bruto Wins minder is as die bedrag wat verkry word deur die Bruto Winskoers toe te pas op die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande of minder is, of die toepaslike veelvoud van die Jaarlikse Omset indien die maksimum Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry.

### MEMORANDUM VAN VERLIESSKIKKING

1. Indien enige vaste koste van die Besigheid nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie, word daar by die berekening van die bedrag wat hierkragtens as verhoogde bedryfskoste verhaalbaar is slegs daardie deel van die bykomende uitgawes in berekening gebring as die verhouding waarin die som van die Netto Wins en die Versekerde Vaste Koste staan tot die som van die Netto Wins en alle vaste koste. Hierdie memorandum sal slegs van toepassing wees op Bruto Wins – Byvoegingsgrondslag.

2. Indien goedere of dienste óf deur die Versekerde óf deur ander namens hom gedurende die Skadeloosstellingstydperk elders as by die versekerde perseel verkoop of gelewer word vir die voordeel van die Besigheid, word die geld betaal of betaalbaar vir sodanige verkope of dienste in berekening gebring om die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk te bepaal.

3. In die geval van enige onderbreking, opvolgend tot Skade, wat vererger of verleng word deur:
   - 3.1 die Versekerde wat nie in staat is nie of onwillig is om vernietigde of beskadigde Versekerde Masjinerie te vervang of te herstel, of in gebreke bly om sodanige vervanging of herstelling binne 'n redelike tyd uit te voer;
   - 3.2 byvoeging, verandering, opknapping, diens van of verbeterings wat op die Versekerde Masjinerie aangebring word tydens herstelwerk opvolgend tot Skade;
   - 3.3 gebrek aan kapitaal of die onvermoë van die Versekerde om kapitaal in te samel om enige groot eerste bedrae betaalbaar of onderversekering weens eweredigheidsberekeninge ingevolge onderafdeling A te befonds, wat vertragings tot gevolg het of die herstel of vervanging van beskadigde Versekerde Masjinerie voorkom;
   - 3.4 enige beperkings op herbouingsmetodes opgelê deur enige openbare owerheid;
   - 3.5 enige geproklameerde wet van die Republiek van Suid-Afrika, met inbegrip van enige

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

valutabeheerregulasies, wat gerig is teen enige ander land;

3.6 enige wet van ‘n buiteland of internasionale wet wat gerig is teen die Republiek van Suid-Afrika;

3.7 enige ekonomiese sanksies, konvensies, handelsembargo’s, boikotte, stakings of aksies wat gerig is teen die Republiek van Suid-Afrika

sal die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling alleenlik beperk wees tot die sake-onderbreking wat sou ontstaan het in die afwesigheid van die bogenoemde omstandighede.

4. Indien die Versekerde ‘n verkoping van wrakgoedere gedurende die Skadeloosstellingstydperk hou, sal die gedeelte van die bewoording van die item van Bruto Wins wat verwys na die vermindering in Omset vir die doeleindes van sodanige eis as volg lees:

> **ten opsigte van vermindering in omset**, die bedrag verkry deur die Bruto Winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die Omset gedurende die Skadeloosstellingstydperk (minus die Omset vir die tydperk van die verkoping van wrakgoedere) as gevolg van die Skade by die Standaard Omset te kort skiet, van welke totaal die werklike Bruto Wins wat gedurende die tydperk van die verkoping van wrakgoedere verdien is, afgetrek word.

5. Indien die Versekerde voordeel trek uit uitgestelde verkope of weens verhoogde produksie en/of wins as ‘n gevolg van ‘n onderbreking of belemmering van die Besigheid gedurende ‘n tydperk van 6 maande onmiddellik na die opgradering van die Versekerde Masjinerie, sal sodanige voordeel in berekening gebring word by die vasstelling van die bedrag betaalbaar as skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Hierdie onderafdeling dek nie gevolglike verlies van watter aard ook al (insluitende, maar nie beperk nie tot, vernietiging, verslegting, skade aan rou materiaal, half-voltooide en voltooide produkte selfs as die gevolg van Skade aan Versekerde Masjinerie) buiten soos voorsiening gemaak ingevolge verlies van Bruto Wins soos voorsiening gemaak hieronder.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

## 1. Besigheidsredding of likwidasie

Die versekering ingevolge hierdie onderafdeling sal staak indien die Besigheid deur ‘n likwidateur of juridiese bestuurder voortgesit word of permanent gestaak word, behalwe met die skriftelike ooreenkoms van die Maatskappy.

## 2. Eise of moontlike eise

By die plaasvind van enige Skade as gevolg waarvan ‘n eis ingestel mag word ingevolge hierdie onderafdeling:

1. sal die Maatskappy, bykomend tot voldoening met Algemene voorwaardes 6 en 7, die Maatskappy onmiddellik in kennis stel van voormelde gebeurtenis en skriftelike bevestiging daarvan aan die Maatskappy stuur binne 48 uur na die voormelde gebeurtenis;

2. sal die Versekerde met behoorlike omsigtigheid alles doen en instem om dit te doen en toelaat dat dit gedoen word soos wat redelikerwys uitvoerbaar is om enige onderbreking of belemmering van die Besigheid tot die minimum te beperk of na te gaan of om die verlies te vermy of te verminder;

3. so ver as wat dit redelikerwys uitvoerbaar is, en sonder om die tydperk van die onderbreking of belemmering van die Besigheid te verleng, sal die Versekerde alle voorsorgmaatreëls tref om enige iets wat moontlik noodsaaklik of nuttig mag wees as getuienis in verband met enige eis, te bewaar;

4. die Versekerde sal die gebruik van enige beskadigde Versekerde Masjinerie staak tensy die Maatskappy andersins magtiging verleen het, en die Maatskappy sal nie aanspreeklik wees nie in verband met enige verdere onderbreking of belemmering van die Besigheid

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

wat voortspruit uit die volgehoue gebruik van enige beskadigde Versekerde Masjinerie sonder dat die Maatskappy skriftelik toestemming verleen het vir sodanige gebruik totdat die voormelde Versekerde Masjinerie tot die bevrediging van die Maatskappy herstel is;

en in die geval van ‘n eis wat ingestel word ingevolge hierdie onderafdeling, sal die Versekerde binne 30 dae na die verstryking van die Skadeloosstellingstydperk, of binne sodanige verdere tydperk as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat, op hulle eie onkoste aan die Maatskappy lewer:

5. ‘n skriftelike staat wat die besonderhede van hulle eis uiteensit tesame met besonderhede van alle ander versekering wat die verlies of enige deel daarvan of gevolglike verlies hoegenaamd wat daaruit voortspruit, dek;
6. sodanige rekeningboeke en ander besigheidsboeke, -dokumente, -bewyse, inligting, uiteensetting en ander bewyse soos wat redelikerwys deur die Maatskappy vereis word vir die doeleindes om die eis te ondersoek of te bevestig, tesame met (indien vereis) ‘n statutêre verklaring aangaande die egtheid van die eis en van enige aangeleenthede wat met die eis verband hou.

Geen eis ingevolge hierdie onderafdeling sal betaalbaar wees nie tensy daar aan die terme van hierdie spesifieke voorwaardes voldoen is en, in die geval van nie-voldoening hiermee in enige opsig, sal enige betaling wat in verband met die eis gemaak is, onverwyld aan die Maatskappy terugbetaal word.

## 3. Materiële veranderings

Die Versekerde sal so gou as moontlik die Maatskappy skriftelik in kennis stel van enige materiële verandering in die risiko en sal op sy eie onkoste sodanige bykomende voorsorgmaatreëls in plek stel soos wat deur die omstandighede vereis mag word, en die omvang van dekking en/of premie sal, indien nodig, dienooreenkomstig aangepas word.

## 4. Inspeksie van risiko

Verteenwoordigers van die Maatskappy sal op enige redelike tydstip die reg hê om die risiko te inspekteer en te ondersoek en die Versekerde sal die verteenwoordigers van die Maatskappy voorsien van alle besonderhede en inligting wat nodig is vir die assessering van die risiko.

## 5. Redelike sorg en voorkoming van verlies

Die Versekerde sal alle redelike sorg neem:

1. in die keuse van indiensneming en toesighouding van alle werknemers;
2. in die voorkoming van enige Skade;
3. om voldoening met enige statutêre regulasies en aanbevelings van die vervaardiger te verseker.

## 6. Bystandsmasjinerie en afhanklikheidspersentasies

Waar dit in die bylae teenoor enige Versekerde Masjinerie aandui dat:

1. daar Bystandsmasjinerie is, is dit ‘n voorwaarde dat sodanige Bystandsmasjinerie in ‘n volle werkende toestand gehou word, gereed om die funksie van die beskadigde Versekerde Masjinerie waarmee dit verband hou, oor te neem. Indien sodanige Bystandsmasjinerie nie in ‘n behoorlik werkende toestand gehou word nie en nie beskikbaar is vir onmiddellike gebruik nie of indien toestande of omstandighede verander wat die effektiwiteit van sodanige Bystandsmasjinerie voorkom of verminder, moet dit skriftelik onmiddellik aan die Maatskappy gekommunikeer word sodra die Versekerde daarvan kennis dra;
2. daar ‘n Afhanklikheidspersentasie van minder as 100% is, dit ‘n voorwaarde is dat enige verandering in hierdie persentasie onmiddellik skriftelik aan die Maatskappy gekommunikeer word sodra die Versekerde daarvan kennis dra.

Die Maatskappy behou hom die reg voor om die gehefde premie of terme of voorwaardes te

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik. Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

verander (insluitende die voortsetting) van die versekering ingevolge hierdie onderafdeling in hierdie omstandighede.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Klousule: Rekenmeesters

Enige gegewens of besonderhede wat in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of dokumente vervat word en wat deur die Maatskappy benodig mag word ingevolge hierdie onderafdeling met die doel om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hul sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop sodanige sertifikaat betrekking het.

## Klousule: Opgehoopte voorraad

Met die berekening van enige verlies word dit in ag geneem, en 'n billike voorsiening word gemaak, indien enige tekort in Omset te wyte aan die Skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die Omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## Klousule: Departemente

Indien die Besigheid in departemente of takke bedryf word waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is, geld die bepalings ingevolge die Bruto Wins wat verband hou met verlaging in Omset en verhoging in bedryfskoste afsonderlik vir elke departement of tak wat deur die Skade geraak word, behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur die betrokke item minder is as die totaal verkry deur die Bruto Winskoers vir elke departement of tak, hetsy deur Skade geraak al dan nie, toe te pas op die betrokke Jaarlikse Omset daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die Skadeloosstellingstydperk 12 maande oorskry).

## Klousule: Depositopremie

Indien die persentasie in die bylae langs die depositopremie minder is as honderd present, dan sal dit beteken dat die premie wat deur die Maatskappy gehef word, voorlopig is en is dit tydelik verdiskonteer deurdat die premie vermenigvuldig word met die persentasie in die bylae vermeld totdat die werklike Bruto Wins wat vir die versekeringstydperk verdien is, bekend is.

In sodanige geval sal die Versekerde by die verstryking van elke versekeringstydperk (or na twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of verjaringsdatum indien die polis maandeliks deur middel van 'n debietorder betaal word) die werklike Bruto Wins wat verdien is, verklaar soos gesertifiseer deur die Versekerde se ouditeure (na verhouding verhoog indien die aantal maande waarna in die omskrywing van die Skadeloosstellingstydperk verwys word, 12 oorskry) gedurende die finansiële jaar wat die naaste saamval met die versekeringstydperk (of die ekwivalente twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum indien die polis maandeliks deur middel van 'n debietorder betaal word).

'n Pro rata-terugbetalings- of bykomende premie vir sodanige afgelope versekeringstydperk sal gemaak word gebaseer op die werklike Bruto Wins wat verdien is, maar sonder dat die persentasie wat hierbo genoem word, toegepas word, met dien verstande dat indien die werklike Bruto Wins wat verdien is, meer is as die versekerde bedrag, enige bykomende premie wat aan die Maatskappy verskuldig is, bereken sal word op die versekerde bedrag.

In geval 'n eis ingevolge Bruto Wins ingestel word, sal die maksimum bedrag betaalbaar beperk word tot die versekerde bedrag soos aangedui in die bylae, nieteenstaande enige verklaring wat gemaak word wat die versekerde bedrag oorskry.

## Klousule: Produksie (alternatiewe grondslag)

Na die keuse van die Versekerde mag die woord "produksie" die woord "Omset" vervang en vir die doeleindes van hierdie onderafdeling beteken produksie die verkoop- of oordragwaarde, soos in die Versekerde se boeke aangedui, van goedere wat deur die Versekerde by die perseel vervaardig of verwerk is, met dien verstande dat:

Vir interne maklaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

1. slegs die betekenis van produksie of die betekenis van Omset geld in verband met enige enkele gebeurtenis wat onderbreking tot gevolg het;

2. indien die betekenis van produksie gebruik word

   2.1 dan geld die klousule insake die opgehoopte voorraad nie;

   2.2 dan sal memorandum 2 onder "memoranda van verliesskikking" soos volg lees:

   "Indien goedere òf deur die Versekerde òf deur ander namens hom gedurende die Skadeloosstellingstydperk elders as by die perseel vervaardig of verwerk word vir die voordeel van die Besigheid, word die verkoop of oordrag van sodanige goedere in berekening gebring om die produksie gedurende die Skadeloosstellingstydperk te bepaal."

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge